SAKE 24 (Volksblad)
28 Jun 2012, p.21

ABSA JOODSE PRESTEERDERS

Oos- en Wes-Kaap deel 2012-pryse

Carin Smith

Kaapstad. – Die Oos- en die Wes-Kaap deel vanjaar die kroon in die entrepreneurskapskategorie in die Absa Joodse Presteerder van die Jaar-toekennings.

Hulle is Jonathan Goldberg, uitvoerende hoof van Global Business Solutions, wat in Oos-Londen gesetel is, en Marc Sternberg, besturende direkteur van Spark ATM Systems, wat in Kaapstad woon.

Die toekennings word al die afgelope 13 jaar gedoen aan presteerders binne die konteks van die Joodse gemeenskap en kultuur. Daar word in die beoordeling na onder meer humanitêre optrede en innovasie gekyk.

Vorige wenners sluit in oudpres. Nelson Mandela, emeritus-aartsbiskop Desmond Tutu, Gill Marcus, dr. Ali Bacher en Raymond Ackerman.

Goldberg is passievol oor ekonomiese groei in die Oos-Kaap. Hy het vroeg in sy loopbaan gesien daar is 'n behoefte aan kundigheid oor arbeidswetgewing. Gevolglik het hy Global Business Solutions gestig en uitgebrei van 'n kantoor met ses werknemers tot 'n nasionale konsultasiediens met meer as 40 werknemers en meer as 300 verwante ondernemings.

Dié onderneming spesialiseer in arbeidsreg, mensehulpbronbestuur, breë swart ekonomiese bemagtiging en ondernemingsake.

Jonathan Goldberg van Global Business Solutions en sy vrou, Linda. Foto's: VERSKAF

Marc Sternberg van Spark ATM Systems.

Die maatskappy het ook meer as R1,5 miljoen bygedra tot die stigting van twee konsultante-ondernemings in swart besit en bestuur, naamlik Khanya Consulting en Iyavaya Consulting.

Goldberg het belange en direkteurskappe in meer as 30 ondernemings oor Suid-Afrika heen. Hy is onder meer lid van die direksie van die nasionale vereniging vir swart-ekonomiese-bemagtigingskonsultante (NABC) en is redakteur van die *Hebrew Order of David Journal*.

"Ek glo in gereelde kommunikasie en 'n direkte en ferm, dog regverdige benadering," sê Goldberg. "Moet nooit brûe verbrand nie en werk voortdurend aan opregte verhoudinge."

Sternberg is verlede jaar aangewys as Sanlam en Business Partners se entrepreneur van die jaar.

"Die huidige stand van werkloosheid in die land maak dit belangrik om suksesverhale uit te lig," sê hy. "Dit wys aan die jeug dat 'n mens 'n gaping in die mark kan raaksien en tyd en energie daarin kan ploeg om 'n goeie sakeplan op te stel."

Hy het Spark ATM Systems in 2005 met sy eie finansiering gestig. Dit het gegroei tot die grootste onafhanklike verskaffer van kitsbanke in die land. Die onderneming het 87 werknemers en 1 500 kitsbanke oor die land heen.